



SAOU Noord-Kaap • Northern Cape

Posbus 110156 Hadisonpark 8306

☎ 053 832 2727

E-pos: saouk@saou.co.za

Faks 053 832 2460

## SPLINTERNUUS

06 April 2016

No: 8 van 2016

### WISKUNDE & FISIESE WETENSKAP

#### BEMAGTIGINGSKURSUSSE

Daar word toenemend deur opvoeders, skoolhoofde en beheerliggame die behoefte uitgespreek dat bemagtigingsgeleenthede voorsien moet word om Wiskunde en Fisiese Wetenskap opvoeders in staat te stel om hulle vakkennis weer opnuut op te skerp, en verder, dat die bemeestering van die vakkennis formeel gesertifiseer kan word.

Die SAOU (Noord-Kaap) bied op 27 Junie . 1 Julie 2016 ʘ Wiskunde- en Wetenskapbemagtigingskursus aan. Die kursusse is deur SARO geëndosseer en tel vir professionele ontwikkelingspunte. Kursusgangers wat die kursus suksesvol voltooi sal ʘ sertifikaat uitgereik deur SAOU ontvang.

Daar sal twee kursusse per lokaal wees naamlik Wiskunde (Intermediêre fase) en Fisiese Wetenskap (Senior Fase). Elke kursus kan tot sestig persone akkomodeer. Die kursusse loop parallel met mekaar om saamrygeleenthede te vergemaklik. Die koste vir die kursusse beloop R550 vir lede en R650 vir nie-lede. Dit sluit die volgende in:

- Kursuskoste
- Kursusmateriaal
- Pre- en Posttoetse
- Verversings en middagete
- Sertifisering.

Die kursusse duur vyf dae en sal in die skoolvakansie plaasvind. Besonderhede rondom datums word hieronder verstrek. Die kursusse sien soos volg daaruit.

(1) Wiskunde (Intermediêre fase)

Een van die vertrekpunte is dat die onderwyser in die Intermediêre Fase ook met die Senior Fase se inhoud en benaderings vertrouwd moet wees. Die kursus word op die KABV (CAPS) beleide van die DBO gefundeer. Daar is ses modules van ses ure elk vir ʘ totaal van 36 ure se blootstelling oor 5 dae:

- i. Inleiding, konsepvorming in Wiskunde, verandering in die onderrig van Wiskunde (Pedagogiek)
- ii. Datahantering
- iii. Getalle, bewerkings en verwantskappe
- iv. Patrone, funksies en algebra

- v. Ruimte en vorm (Meetkunde)
- vi. Meting

Kursusgangers sal wiskundige konsepte kan identifiseer; die konsepte tot op graad 9-vlak kan verstaan; metodologiese benaderings tot die vak kan aanpas; en konsepontwikkeling onder leerders kan identifiseer.

(2) Natuurwetenskap (en Tegnologie) (Senior Fase)

Een van die vertrekpunte is dat onderwysers in die Senior Fase ook met die Intermediêre Fase se inhoude en benaderings vertrouwd moet wees. Die kursus word op die KABV (CAPS) beleide van die DBO gefundeer. Daar is ses modules vir 36 ure se blootstelling oor 5 dae:

- i. Inleiding, Konsepvorming in NW en die verandering in die onderrig van NW (Pedagogiek) 5 ure
- ii. Energie en verandering 7 ure
- iii. Materie en Materiale 7 ure
- iv. Lewe en Lewende dinge 7 ure
- v. Planeet aarde en ruimte 6 ure
- vi. Tegnologie 4 ure

Kursusgangers sal natuurwetenskaplike en tegnologiese konsepte kan identifiseer; die konsepte tot op graad 9-vlak kan verstaan; metodologiese benaderings tot die vak kan aanpas; en konsepontwikkeling onder leerders kan identifiseer.

Die kursusse in Wiskunde en Natuurwetenskap en Tegnologie is voor aanvang en na afloop van die kursus onderhewig.

Die kursusse word soos volg aangebied:

- Noordelike Provinsies
- KZN
- Noord-Kaap
- Oos-Kaap
- Vrystaat
- Wes-Kaap

Inligting oor hoe en waar om te registreer sal eersdaags uitgereik word. 36 Navraagtefoonnommer sal ook aan u voorsien word. Intussen is u welkom om navrae te rig aan die e-posadres en/of telefoonnommers wat bo aan hierdie kennisgewing verskyn.

